Voorwoord

Jy sal met my saamstem: die Bybel is die belangrikste boek wat jy ooit sal besit;

die belangrikste boek wat ooit geskryf is. Ongelukkig is die Bybel nie juis 'n gebruikersvriendelike soort boek nie, want al is daar die wonderlikste verhale in die Bybel opgeteken, is dit geskryf in 'n styl wat nie vir mense van die 21ste eeu lekker lees nie. Daarom lees ons meestal net kort stukkies uit die Bybel op 'n slag, en só gaan die trefkrag van die verhaal van God se betrokkenheid by die mense van die wêreld by ons verby.

Met hierdie boek vertel ek die verhaal van die Bybel oor in 'n styl wat jou kan help om die hele verhaal op een slag deur te lees. Natuurlik kon ek nie álles vertel nie, maar die belangrike goed is alles hier, sodat jy die storie van God se besigwees in die wêreld kan volg; nie stukkie vir stukkie nie, maar in volgorde, van Adam en Eva af tot by Openbaring.

Lekker lees!

Jaco Thom



Adam en Eva

Die eerste wat hy raaksien toe hy wakker word, is haar oë. Dis anders as die ander oë wat hy al gesien het.

Haar oë práát. Hulle vonkel stout terwyl sy hom met 'n grashalm al oor sy maag kielie. Toe hy haar aan die pols vasgryp om die gekielie te stop, is haar vel sag en glad teen syne. Verwonderd kyk hy na haar waar sy langs hom op die gras kniel. Hy draai op sy sy en stut hom op sy elmboog om haar beter te bekyk.

Sy laat dié inspeksie toe. Het sy dan nie sélf ook die afgelope ruk die slapende man van kop tot tone deurgekyk nie? Die uitwerking wat haar teenwoordigheid op hom het, laat haar glimlag, en sy staan op en rek haar lui uit. "Kom, jy het nou genoeg na my gestaar. Kom wys my eerder jou plek."

Sy kan práát! jubel dit in hom. Haar stem klink soos die geruis van die stroom oor die klippe daar anderkant by die poel, en sy keel trek toe. "Ek het jou nog nie voorheen hier gesien nie," sê-vra hy hees terwyl hy stadig orent kom. Sy oë bly vasgenael op haar.

"Dis oor ek maar nou net hier aangekom het," lag sy, haar tande wit in die sonlig. Sy beduie met haar hand na die tuin om hulle. "Is dit joune?"

"Nee, dis God s'n. Ek moet dit vir Hom oppas. Dis lekker hier, veral noudat jy ook hier is." Hy vat haar hand en gaan wys haar die tuin, die rivier, die blomme, die vrugte, die diere. Uiteindelik neem hy haar twee hande in syne sodat sy hom in die oë moet kyk. "Ek was baie alleen voor jy gekom het. Ek het